**Junie 2016**

Liewe vennoot in gebed,

Dit was vir my aansienlike aanmoediging dié week om te weet dat wanneer ons ontmoedig is, ons siele rus kan vind in God terwyl ons ons hoop in Hom vind (Psalm 62:5).

Ons kan al ons vrese oorhandig en dan bemoediging vind in die waarheid dat niks onmoontlik is met God nie (Lukas 1:37). Wanneer ons saamkom om te bid, bereik ons stemme die hart van God en ons vind die moed om ons moeilikhede, teenstaanders en ontberings te trotseer.

In gebed, word lewens aangeraak en gesond gemaak. Hier is ‘n paar getuienisse uit Mosambiek:

“Toe ek begin het om te bid, het ek gedink ek sal dit nie maak tot die einde van die gebedstyd nie, maar God was met my. My gebed is om my familie in vrede te sien. Terwyl ek besig was om te bid, het my dogter huis toe gekom en om verskoning gevra by haar pa vir dit wat veroorsaak het dat hulle so ver van mekaar is. Op hierdie manier het ek die krag van gebed gesien.”

“Niemand het God se krag nie, maar wanneer ons bid, kan God sy wonderwerke deur ons gebed doen.”

Terwyl ons bymekaarkom regoor die wêreld om te bid vir ons susters in Angola en Mosambiek, laat ons onthou hoe, in hoofstuk 1 van 1 Samuel, God die gebed van Hanna verhoor het. Sy was ontmoedig, teleurgestel en desperaat vir ‘n kind. “Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil” (1 Samuel 1:10).

Kom ons onthou; maak nie saak hoe teleurgesteld en mismoedig ons voel nie, God is naby en hoor ons gebede. Gebed elke dag saam met duisende ander regoor die wêreld bring eenheid en krag in die liggaam van Christus.

Dankie vir jul verbondenheid en toewyding om jul stemme na bo te hef in gebed. Glo vandag dat God jul gebede hoor en sal antwoord in Sy perfekte manier en tyd.

“En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra” (1 Johannes 5:14–15).

In Hom juig ons harte,

Peggy Banks

Wêreldbedieningsdirekteur

Projek Hanna

**Mosambiek getuienisse:**

Wanneer jy op God vertrou, sal Hy jou gebruik om Sy hande te wees. My huwelik was in 'n krisis, maar ek het begin bid dat my Here beheer neem van my man se hart. Ek weet dit het 'n lang tyd geneem vir my Here om beheer te neem van my hart en dit sag te maak sodat dit eerste sag sal wees. My advies aan my medesusters, is dat wanneer ons probleme het, ons geduldig moet wees en God sal ons 'n goeie antwoord gee.

Ek sal verduidelik wat aangaan in my lewe, my susters. Ek is die derde kind van my ouers. Toe ek 'n vrou geword het, het my pa my forseer om met die man wat sy [toor] dokter was, te trou. Ek was hierdie man se vierde vrou en is verbied om kerk toe te gaan. Ek het vyf kinders uit hierdie huwelik, en ek het gewens om hulle weg te kry van hierdie swaar lewe. Soms het ek in die geheim gebid, want as my man ontdek het dat ek bid, het hy my gebyt. Toe eendag, het my oudste kind 'n vriend gehad wat hom kerk toe geneem het. Hierdie vriend het na ons huis gekom en my man gevra om ons seun toe te laat om deel te wees van die jeugprogram in sy kerk. Twee dae lank het ek gehuil in vrees dat my seun gestraf sou word. Maar toe vra my man my as die moeder om elke Sondag saam met ons seun te gaan sodat ek sy bewegings kon beheer. Ek kon nie glo dis waar nie, maar hy het my en my seun toegelaat om te doen waarvoor ek gewens het vir so 'n lang tyd. God is 'n lewende God. Nou kan ek sê dat ek 'n Christen is, en ek het by die Projek Hanna-program aangesluit. Bid asseblief saam met my om eendag my familie in die kerk te sien.

Toe ek getroud is, het ek nie geweet dat hierdie man dwelms gebruik nie. Hy het voorgegee om te lewe as 'n Christen. Na 'n ruk het hy my begin seermaak – totdat ons geskei is. Ek het deur swaar lyding gegaan. Toe hoor ek die "Women of Hope"-program oor die radio. Nadat ek een geluister het na die programme, het ek [die vervaardigers] gebel sodat ek 'n deel van hierdie familie kon word. Verlede jaar het ek begin om saam met ander vroue te ontmoet wat hul probleme en moeilikhede aan God gee. Dit was baie moeilik vir my om my probleme met hulle te deel, maar een dag het ek gevoel of ek sou doodgaan as gevolg van die armoede in my huis. Ek het een kind. Nou is ek 'n nuwe mens. Ek het hoop dat al my swaar laste wat ek vir God gegee het ligter sal wees. Ek werk nou, doen huishouwerk, en sorg ook vir 'n pragtige klein baba. God ken my lewe en hy het 'n doel daarmee.

**Angola getuienis:**

'n Vrou wat mishandel was vir 15 jaar, verag omdat sy beskou was as onvrugbaar, het by 'n Projek Hannagebedsgroep aangesluit in 2013. Deur na die programme te luister, te vas, te bid, en deel te neem, het God haar gebede beantwoord en sy is genees van onvrugbaarheid. Sy het swanger geword en het nou 'n 2 maande-oue baba.

Dank God! Ek het met die gebedsgroep by my kerk gedeel oor die siekte kwessie wat my seun vir sewe maande gekwel het. Hy het alles wat hy geët en gedrink het opgebring. Deur God se guns en genade is hy gesond gemaak en het hy Jesus aanvaar.

Die Projek Hanna Angola-koördineerder het die El Bethel Sentrum besoek, wat omtrent 50 tieners huisves en ook 'n paar straat kinders. Gedurende die volgende maand, het die Projek Hanna-dames die El Bethel Sentrum besoek om kos produkte af te lewer en 'n byeenkoms te hou.